Brandweer (a)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te leer wat die vernietigende effek van vuur is.
2. Te leer hoe om brande te voorkom.
3. Te leer hoe om met vertroue, in geval van ‘n brand, op te tree.

B VEREISTES

Afdeling 1 KAN DEUR DIE OFFISIER HANTEER WORD**.**

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis dra van die brandgevaar by verskillende Voortrekkeraktiwiteite en ook weet watter voorkomings-maatreëls getref kan word in elke geval:
   - Kampvure.
   - Fakkellope.
   - Aansteekseremonies.
   - kosmaakvure.
2. Weet hoe om op te tree as ‘n brand wel in bogenoemde gevalle voorkom, en weet wat die fluitsein is wat gebruik word.
3. Deeglik bewus wees van die gevare verbonde aan die gebruik van die volgende apparate:
   - Gasligte.
   - Gasstofies.
   - Lanterns.
   - kookolie op ‘n oop vuur.
4. ‘n Demonstrasie en bespreking van die korrekte manier om bogenoemde apparate te hanteer, bywoon.
5. Kan optree as enige van punt drie se apparate onnatuurlik brand.
6. Weet hoe om op te tree as hy hom:
   - in ‘n veld wat brand, bevind
   - in ‘n tent wat brand, bevind
   - in ‘n kombuis bevind waar iets op die stoof aan die brand is.
7. In staat wees om ‘n klein brand te blus met nat sakke, takke, water of sand.

Bogenoemde vereiste moet sover moonlik prakties geoefen en beleef word.

Afdeling 2 WORD DEUR DIE BRANDWEER HANTEER**.**

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet wat 'n brand is en hoe dit ontstaan.
2. Weet hoe brande versprei.
3. Weet hoe om die brandweer te ontbied.
4. Weet hoe om 'n boodskap van 'n brand korrek oor te dra.
5. Weet hoe om 'n outomatiese brandblusser te gebruik.
6. Weet wat die gevaar van vals alarms aan die brandweer of ambulans is.
7. Weet hoe brande geklassifiseer word.
8. Weet hoe lere gebruik word.
9. Weet watter fluitseine in die brandweer gebruik word.
10. Weet hoe daar by brande opgetree word.

11. Weet watter toerusting die brandweerman gebruik.
12. Weet watter toerusting daar in 'n brandweerwa is.
13. Weet aan watter gevare die brandweermanne blootgestel is.

C AANBIEDING

Die spesialisasie het twee duidelike afdelings en albei moet gedoen word.

Afdeling 1 Die Offisier kan dit self hanteer, want dit is tipiese Voortrekkersituasies.

1. Vereiste 1 en 2. Al vier die geleenthede wat genoem word hou vir die kind besondere bekoring in daarom is dit noodsaaklik dat die veiligheidsaspekte baie aandag moet kry.
2. Vereiste 3, 4 en 5. Die toerusting moet beskikbaar wees tydens demonstrasies en bespreking. Die kinders moet ook die geleentheid kry om dit onder toesig te gebruik.
3. Vereiste 6. Die optredes moet deeglik bespreek word en opsies moet duidelik uitgespel word. Omdat dit nie prakties ingeoefen kan word nie moet dit baie goed beplan word.
4. Vereiste 7. Sorg dat die nodige apparaat beskikbaar is. Reël ook met ander volwassenes om te kom bystaan ingeval hul hulp nodig mag wees. Kies 'n veilige terrein vir die aksie. Die brand kan 'n hoop hout, droë gras of bossies wees wat brand. Deur die kind in ‘n "gevaar"-situasie te plaas waarbinne hy korrek en vinnig moet optree, word hy geleer dat ‘n brand nie ‘n speelding is nie.

Afdeling 2

1. Reël lank voor die tyd met die plaaslike Brandweer.
2. Gee aan hulle al die vereistes waaraan voldoen moet word.
3. Sê ook aan hulle watter ouderdomsgroep betrokke is.
4. Reël met hulle hoe die evaluering gedoen sal word.

Brandweerstasies is baie behulpsaam. Beplan deeglik, voorkom 'n te klein of onhanteerbaar groot groep. Spanne woon brandweersessies verkieslik in Voortrekkerdrag by.

Dit is belangrik dat die kind die feite deeglik ken en verkeerde optredes of katastrofes kan voorkom.